191.A.1(50)

# SKOOL EN LEWE.

(Deur Prof. Dr. H. B. Thom).

-----ooOoo-----

Tydens my skooldae het mnr. Du Toit baiekeer vir ons gesê dat ons ons werk in die skool nie moet beskou as iets wat heeltemal los van ons alledaagse lewe staan nie, maar as iets wat regstreeks daarmee verbonde is en waarmee ons dikwels in ons gewone daaglikse lewe te doen kry.

In ons rekenkundelesse - só het hy verklaar - was dit nie genoeg om maar net vir die plesier of snaaksheid op te tel, te vermenigvuldig of te verdeel nie. Maar ons moes leer om bv. uit te reken hoeveel sakke koring 'n wa na die meul kon vervoer, as 'n sak koring 200 lbs. weeg en die wa nie meer as drie ton kon dra nie.

In ons meetkundelesse moes ons nie net dink aan reguit lyne, aan vierkante of aan sirkels wat allerhande lastige vraagstukke oplewer nie, maar ons moes hierdie dinge in verband met ons lewe bring. Ons moes bv. kon uitreken hoeveel sinkplate van 'n sekere grootte nodig sou wees om die boogdak van die Stadsaal toe te maak.

En in ons geskiedenislesse moes ons nie jaartalle en gebeurtenisse van buite leer asof dit dinge is wat daar ver van ons af, miskien reeds baie lank gelede, plaasgevind het en waarmee ons niks te doen het nie. Mnr. Du Toit het daarop aangedring dat ons moes onthou dat die doen en late van ons ouers, en van onsself, deel van ons geskiedenis is. Die geskiedenis is nie net dit wat buite Burgersdorp voorgeval het nie; wat in Burgersdorp self gebeur het, is deel daarvan.

Só moes ons probeer om ons werk in verband te bring met wat ons elke dag om ons heen sien. Ons moes besef dat wat ons in die skool leer, nie net vir die klaskamers van die skool bedoel is nie, maar bereken was om ons vir die lewe met sy talryke vraagstukke voor te berei. Mnr. Du Toit het ook gesê (en dit het natuurlik by ons baie swaar geweeg) dat ons veel gouer en makliker

sou/..........

sou leer as ons ons werk só beskou.

Dit was baie goeie raad hierdie, en ons het daarna geluister. Mnr. Du Toit was maar altyd 'n streng onderwyser (ofskoon ek verstaan dat hy in later jare darem heelwat afgekoel het!), maar in ons tyd was hy sommer baie kwaai. Miskien was dit om dié rede dat ons goed na hom geluister het, maar in elk geval het ons geweet dat 'n mens altyd sy raad kon hoogskat, en ek beskou dit nog steeds as een van die voorregte van my lewe dat ek een van sy leerlinge was.

Deur sy raad te volg, het ek gevind dat my werk vir my werklik veel makliker en interessanter geword het. Want nou was my skoolwerk vir my mos nie meer werk wat ek met teensin en wrewel net vir eksamens gedoen het nie, maar dit het vir my probleme van die lewe geword, van my eie lewe, en dit het vir my inhoud en betekenis gekry, wat my geinteresseer en aangespoor het.

Maar ek het nog taamlik lank 'n moeilikheid in verband met Geskiedenis ondervind. Ek het altyd baie belang gestel in die dinge van die verlede en 'n hele aantal geskiedenisboeke uit die biblioteek van die skool en die openbare biblioteek agter die Stadsaal geneem. Maar ek kon maar nie behoorlik besef dat ons in die geskiedenis met die dinge van ons eie lewe en van Burgersdorp te doen kry nie. In die boeke wat ek gelees het, kon ek geensins duidelik sien hoe ook Burgersdorp deel van die geskiedenis is nie.

Die oplossing het egter wel gekom. Geskiedenis het ons destyds by 'n ander onvergeetlike onderwyser van Burgersdorp, wyle mnr. W. S. Malherbe, geneem. Op 'n dag het ons 'n les gehad oor sir Benjamin D'Urban se grensreëling. Hierdie Goewerneur het in 1835, net vóór die Groot Trek, die Provinsie Koningin Adelaide geproklameer. „Is daar van julle wat al ooit in die Provinsie Koningin Adelaide was?" - wou mnr. Malherbe van ons weet. Ons het maar net geglimlag. Maar hy herhaal die vraag. Nie een van ons kon egter sê dat hy al ooit daar was nie. Toe sê mnr. Malherbe: „Nee, julle was seker al almal daar. Loop maar net oor die Stormbergspruit, bv. na die Sandbult toe, dan is julle in die

provinsie/........

Provinsie Koningin Adelaide!"

Ons was verbaas. Maar mnr. Malherbe het heeltemal gelyk gehad: die Stormbergspruit was een van die noordelike grense van die Provinsie Koningin Adelaide; loop jy van Burgersdorp af oor die Stormbergspruit, was jy in die gebied van die ou Provinsie.

Toe het daar vir verskeie van ons, en vir myself, 'n lig opgegaan. Ons sien mos toe duidelik: ook die geskiedenis wat ons leer, staan nie los van ons nie, daar ver weg van ons af nie; inteendeel, dit het ook met ons eie lewe en ons eie omgewing te doen. Weliswaar is daar baie dele van die Geskiedenis wat nie regstreeks met ons omgewing verband hou nie, maar Burgersdorp staan in elk geval midde-in wat ons in die skool van ons verlede leer.

Hierdie besef het vinnig gegroei namate ook ander interessante feite in verband met die verlede van Burgersdorp vir my bekend geword het. Toe die binnelandse boere van die ou Kaapkolonie vóór die Groot Trek steeds ooswaarts en noordooswaarts met hulle vee uitgebrei het, het hulle die omgewing van Burgersdorp ongeveer 1815 bereik. Van hier af het hulle weldra by Buffelsvlei (Aliwal-Noord) deur Grootrivier getrek om van tyd tot tyd in die suidelike Vrystaat weiveld vir hulle vee te gaan soek. En dit was hierdie selfde baanbrekerboere wat in die omgewing van Burgersdorp voortdurend, geweer in die hand, moes regstaan teen die rowende Boesmans, wie se rotstekeninge ek dikwels in Dassiekloof, in die groot Kloof en teen die kranse links van die spoor op pad na Dreunberg ~~teë~~ gesien het.

Op 'n Dingaansfeesviering naby Oudedag het 'n bejaarde ou oom weer meegedeel van 'n klompie Voortrekkers, wat nie ver daarvandaan nie met groot moeite Grootrivier deurgesukkel het. En hy het ook van 'n paar verlate ou graffies vertel, van kindertjies wat daar op die trekpad dood is en onder die doringbome van ons mooi ou rivier begrawe is.

Ek/...........

Ek het ook uitgevind van bekende Voortrekkers, Gert Maritz en die Rudolphs bv., wat dwarsdeur die distrik van Burgersdorp getrek het, by Knapdaar verby, en Grootrivier deurgegaan het nie ver van waar Stormbergspruit in die rivier vloei nie.

Maar ook wat ons nuwere geskiedenis betref, het ek agtergekom dat Burgersdorp ten nouste daarmee verbonde is. Burgersdorpse boere het gehelp om die ou Boere-Beskermingsvereniging te stig, wat vir boerebelange opgekom het en veral ook vir die regte van die Hollandse taal geveg het. En dit was naby Burgersdorp, t.w. by Stormberg-Aansluiting, dat die Boere in die Vryheidsoorlog 'n vroeë, pragtige oorwinning behaal het.

Al hierdie dinge getuig van die feit dat ons geskiedenis wat ons lees, en wat ons in die skool leer, nie los of ver van ons is nie, maar dat dit ons eie is en met ons self te doen het. As ons in hierdie gees ons geskiedenis op skool leer, sal dit nie meer vir ons dorre, dooie feite wees nie, maar dit sal ons eie wees, dit sal vir ons leef en dit sal beslis baie interessanter en makliker word.

Laat ons ook - en dit kan elke skoolseun en -dogter van Burgersdorp gerus doen - ons oë gedurig oophou, in die dorp en distrik, om te kyk of ons nie nog dinge kan raakloop wat uit die verre verlede vir ons bewaar gebly het nie; 'n tafel, 'n stoel, 'n geweer, 'n stuk gereedskap, 'n boek of enigiets dergliks. Of laat ons kyk of ons nie weer sekere geskiedkundige plekke kan terugvind nie: waar het, bv., die eerste Afrikaner, wat in Burgersdorp se distrik kom woon het, sy huis gebou? Of waar presies het Maritz in die buurt van Knapdaar uitgespan?

Dis die moeite wèrd om voorwerpe te versamel en op 'n geskikte plek in Burgersdorp bymekaar te bring, om aldus 'n eie plaaslike museum te begin. Tydens die eeufees van Burgersdorp het 'n ander bekende onderwyser, mnr. J. H. Viljoen, 'n pragtige versameling oudhede bymekaar gehad, en ek het verstaan dat die gedagte was om 'n historiese museum te stig, maar daar het ongelukkig - soos ek later verneem het - niks van gekom nie. As een van die oudste plekke in Noordoos-Kaapland behoort Burgersdorp so 'n versameling

te hê. Terloops, die ander dag was ek in Fort-Beaufort, 'n plekkie veel kleiner as Burgersdorp, en ek was verbaas om te sien watter mooi plaaslike museum van oudhede hulle daar tot stand gebring het.

As 'n mens belangrike historiese plekke kan terugvind, kan dit weer deur die Historiese Monumente-Kommissie tot nasionale gedenkwaardighede geproklameer word, soos met die blokhuis op die bult naby die skool gebeur het. Dit beteken dan dat niemand dit sal mag beskadig of afbreek nie, sodat dit vir die nageslag veilig bewaar sal bly.

So moet ons dan leer om - soos mnr. Du Toit gesê het, en menige ander onderwyser vandag nog sê - die werk wat ons in die skool doen, nader na die gewone lewe daarbuite te bring. As 'n mens jou werk op skool op hierdie manier doen, sal jy meer belangstelling en meer liefde kry vir die dinge wat jou eie is; dan sal jy in die skool nie net geleerdheid kry nie, maar jy sal daar 'n beter, nuttiger burger van jou land gemaak word.

Laat ons egter bowealles nog net dit onthou: dis goed om belangstelling te hê vir, en geheg te wees aan, die mooi dinge wat jy sien, soos voorwerpe, geboue en plekke in die natuur; maar dis nog altyd van veel groter belang om gesteld te wees op dié dinge wat jy nie sien nie, soos jou godsdiens, jou taal en jou liefde vir jou naaste. Trouens, al die dinge wat ons om ons heen sien, en alles wat ons in verband daarmee leer, is tog maar op die ou end bedoel om ons geheg te maak aan die groot dinge wat nie gesien word nie, maar wat altyd onverwoesbaar bly.

-----ooOoo-----